Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

22 April 2018

Eredienste:
08h30: Ds Thinus Britz (1 Joh 3) – Doop
10h00: Ds Thinus Britz (1 Joh 3) – Doop
18h00: Ds Elmarie Dercksen (Jes 43)

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: Midde-Ooste Sending – 22 April 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie – Vrydag

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal).
Biduur en Gebedsversoeke: Biduur groep is elke Donderdag om 09:00. Sms/Whatsapp gebedsversoeke na 082 451 3312
Selgroepe: Wouter Kriegler wkriegler@gmail.com
Predikante eposse: Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

DOOP
Christiaan en Yolandi Donaldson doop hul baba, Caden Christian (gebore 28 Aug 2017).

Grant en Carla Celliers doop hul baba Carla Mia (gebore 26 Mei 2017).

Baie geluk!

ENCORE TEE!
U word vriendelik uitgenooi na ons oggendtee op **Woensdag 25 April** om 10:00 vir 10:30. Ons kuier gewoonlik heerlik saam oor 'n koppie tee/koffie en heerlike eetgoed. Kontak gerus een van ons dames om te bespreek: Rentia Hesseling 082 508 9195; Linda Nel 082 461 3686; Lucille Collins 072 840 6864. Donasies is welkom! 😊

NUWE ECHO HUIS IN YSTERPLAAT
Echo begin binnekort 'n nuwe huis saam met Ysterplaat Gemeenskap kerk. Ons is tans besig om kamers in te rig in die kerksaal. Ons wil graag op hierdie manier 'n verskil maak in die gemeenskap. Ons is op soek na veral beddens en kaste om in die kamers te sit. As jy op enige manier kan help, kontak asb. vir Niel Steyn by 0846881080 of niel@echoyouth.co.za

JUNIOR JEUG – NUWE VOORSKOOLSE KATEGEET
Lus vir 'n lekker nuwe uitdaging? Hier is jou kans! Ons is op soek na 'n nuwe Kategese groepleier vir 3-4 jariges. Ons help met die materiaal en lessie voorbereiding maar ons het jou nodig om te kom liefde en aandag gee. As jy belangstel, kontak asb. vir Marietjie of Carina (082 926 6428)

WOENSDAG 25 APRIL: ONDERSTEUNING MET VERLIES IN 'N VERHOUDING:
Eerskomende Woensdag breek die laaste sessie aan en gesels ons oor **'vergifnis'.** Ons ontmoet weer by die kerksaal 19:00 – 20:30 en sien daarna uit om tyd saam met jou te spandeer.
Thamar Jacobs (021 554 3268) & ds. Thinus Britz

JONGWERKENDE SELGROEPE
As jy nuut is in die area of dalk vir die 1ste keer tyd het, kontak ons asseblief of sluit aan by 'n selgroep! wkriegler@gmail.com

NAMIBIë UITREIK
Ons gaan weer op ons jaarlikse uitreik na die Kaokoland. As jy dit oorweeg om saam te kom, of wonder wat dit behels, kontak vir Niel by 084 688 1080.

JUNIOR JEUG T-HEMPIES
Bestelvormpies is hierdie week uitgestuur en uitgedeel. Asb kom pas 'n hempie aan en bestel 'n nuwe een.

Die kerkkantoor is gesluit tydens die vakansiedae en skolevakansie dag op 27 & 30 Apr asook 1 Mei.

MIDDE-OOSTE SENDING – Suzan Kirsten

Hierdie seisoen voel soos die seisoen van rond-reis in die fisiese wêreld met 'n verwagting dat die geestelike wêreld nooit weer dieselfde gaan wees nie!

Baie van julle het my gesien in Februarie net na ons konferensie in Johannesburg. 'n Konferensie waar meer as 430 leiers van my organisasie bymekaar gekom het om saam te droom, bid en beplan oor hoe om die miljoene onbereikte mense reg oor die wêreld te bereik. Daarna was die vinngie inloer in die Kaap en saam met julle bid vir 'n seisoen van groei in hierdie pragtige tema van intersessie vir onsself, ons kerk, ons stad, ons land, die nasies en die wêreld.

So dankie vir julle gebede, aanmoediging en ondersteuning! Die nuus vertel die storie van die gebrokenheid van ons wêreld, maar die werklikheid is dat die Here besig is om te beweeg op nuwe en pragtige maniere! Ja, die vyand is kwaad en probeer alles doen om hierdie beweging te stop… daarom benodig ons soveel meer gebed in hierdie seisoen! Die soetste stilte kom aan die einde van die storm, dis die donkerste en koudste voor die son opkom, maar wanneer die son opkom, is dit pragtig, lewendig, vol hoop en die realiteit van 'n nuwe dag! So hou asb aan bid vir my, vir ons, vir hierdie lande en vir alles wat die Here in hierdie seisoen in hierdie wêreld wil kom doen!

JUNIOR JEUG PROGRAM

22 Apr Lessie 14	29 Apr Langnaweek	6 Mei Lessie 1
13 Mei Lessie 2	20 Mei Lessie 3 (Pinkster)	25 Mei Speletjiesaand
27 Mei Lessie 4	3 Jun Lessie 16	10 Jun Lessie 17
17 Jun Lessie 18	22 Jun Skole sluit	25-27 Jun Pretweek

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
29/04/2018	M	M	M	
06/05/2018	T	T	E	Doop 10:00
10/05/2018	-	-	19:00 – E	Hemelvaart 19:00
13/05/2018	E	E	T	Moedersdag
14-17 Mei	-	-	19:00 – T	Pinkster 19:00 (Herhaling 10:00 soggens)